

12 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 15:20, 21
Fokusgedeelte: Eksodus 15:20, 21

Ook die vroue getuig!

Daar was baie groot vreugde by al die Israeliete oor die groot daad van God. Met hart en mond het hulle gejuig oor die verlossing wat Hy vir hulle gebring het. Met hulle loflied het hulle daarvan getuig.

Eers was dit die manne se beurt. Toe hulle klaar gesing het, het Mirjam, die suster van Moses en Aäron, vir die vroue voorgesing. Ook hulle kon nie stilbly nie. Al die vroue het haar gevolg met tamboeryne in die hand en al singende en met danse die eer aan die Here gebring.

Hulle het met die openingswoorde van die lied begin (vgl. vs. 1) en dit is 'n aanduiding dat hulle ook die hele lied gesing het. Hulle het dus niks minderwaardig gesing nie.

Ook die vroue moes getuig, want van Miriam word gesê dat sy 'n profetes was, iemand wat deur die Here geroep was om sy wil aan die volk bekend te maak. As sy die vroue dan voorgaan om die Here te prys deur hulle sang en danse, dan beteken dit dat niemand daarvan uitgesluit word nie. Almal moet die Here prys.

Kan ons vandag anders as om almal ons hoogste lof en dank aan die Here te bring? Hy wat ons van die heerskappy van ons grootste vyand, die duiwel, verlos het? Daarmee het Hy ons ook in die posisie geplaas om almal saam uit volle bors tot sy eer te kan sing, man en vrou, kind en grysaard.

Wat 'n voorreg het ons om dit met groot vrymoedigheid te kan doen. Ja, Hy is alle lof waardig wat daar uit die harte en monde van geesvervulde mense kom, maak nie saak wie hulle is of waar hulle woon nie.

Getuig u lofsange dat u vol vreugde en dankbaarheid is oor u verlossing?

Sing: Psalm 30:1, 3

Ds. JB du Plessis (Grootfontein/Tsumeb)